# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (36/14)

*Justin Chadwick (19 September 2014)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "There is sufficiency in the world for man's need but not for man's greed" Mahatma Gandhi***

## INDIë (vervolg op laas week)

"Channel hopping" in 'n hotel in Indië het bevestig dat die Indiërs mal oor krieket is – hul het twee kanale wat 24-7 aan krieket gewy is. Afgesien van die Indiese kriekethelde is daar ook twee Suid-Afrikaners wat huishoudelike name vir die Indiese krieketliefhebbers is - Jacques Kallis en Gary Kirsten (wat Indië tot die Wêreldbeker glorie gelei het). Ek is seker daar is bemarkers wat aan slim maniere kan dink hoe om een van hierdie krieketlegendes te gebruik om as ambassadeurs vir Suid-Afrikaanse vrugte in Indië op te tree.

Suid-Afrikaanse vrugte is besig om 'n naam in Indië op te bou, maar baie meer moet nog gedoen word. Afgesien van die gebruik van Suid-Afrikaanse "brand" ambassadeurs vir vrugte is daar baie geleenthede om bewustheid vir die unieke eienskappe van Suid-Afrikaanse vrugte in die groothandel en kleinhandel te kweek. Alhowel dit moeilik is om die presiese hoeveelheid te bepaal, is dit 'n feit dat minder as 10% van die vrugte in die kleinhandel verkoop word, meer as 90% gaan deur die groothandel en die groentewinkels, smouse, ens. Dit behoort nie te duur te wees om "branding" by die groothandel markte bekend te stel om bewustheid vir Suid-Afrikaanse vrugte te kweek nie.

Die Indiese sitrusbedryf is interessante leesstof (alle syfers verwys na 2013); hul produseer sitrus op 1 miljoen hektaar (Suider-Afrika 64 000) en produseer 10 miljoen ton sitrus jaarliks. Selfs diegene wat nie wiskundig is nie, kan uitwerk dat dit 10 ton per hektaar is – 'n baie lae opbrengs in vergelyking met internasionale standaarde. **Indië is die wêreld se vierde grootste verbouer van sitrus** (na China, Brasilië en VSA). As hierdie verder ontleed word, is daar 323 000 hektaar lemoene (Suider-Afrika 42 000) wat 3 520 000 ton produseer (meestal Mosambi lemoene wat in James Saunts se boek "Citrus Varieties of the World" beskryf word as "often mistakenly regarded as an acidless type. It has some acidity when grown elsewhere, but in the Indian subcontinent the climate results in virtually acidless fruit being produced"]. Daar is 311 000 hektaar (Suid-Afrika 6 400 Ha) sagte sitrus wat 2 906 000 ton produseer. Wat hul in Indië suurlemoene noem, noem ons lemmetjies, en vice versa; daar is 255 000 hektaar (Suid-Afrika 5 900 Ha) van die suurlemoene/lemmetjies in Indië wat 2 524 000 ton produseer.

Meeste van die sitrus wat in Indië verbou word, word plaaslik verbruik – die statistieke oor uitvoere toon dat 33 000 ton lemoene na Bangladesh (90%) en Nepal (7.5%) uitgevoer is; en dat daar 22 000 ton suurlemoene/lemmetjies uitgevoer word. In terme van invoere, voer Indië 34 000 ton lemoene in - 80% van Egipte, 12% van Suid-Afrika en 4% van beide Australië en die VSA. Valencias is die voorkeur lemoen wat ingevoer word met groottes 88's en 105's; 'n perfekte mark vir kleiner vrugte.

## LANGLEWE

Die oudste persoon wat vandag leef is **Henne van Andel Schipper**, 'n inwoner van Holland wat haar lang lewe toeskryf aan die feit dat sy 'n rou gesoute haring en 'n glas lemoensap elke dag nuttig. Sy sou daar gewees het toe die eerste sitrus van Suid-Afrika ingevoer is – sy is 114 jaar oud. Sap van Suid-Afrikaanse lemoene was waarskynlik haar somersdrankie van keuse die afgelope 100 jaar.Baie geluk! En mag daar nog 100 jaar van ononderbroke verskaffing wees!!

## SITRUS STEEL DIE KOLLIG BY AGRISETA TOEKENNINGS (BOODSKAP VAN JACOMIEN DE KLERK)

Gisteraand het ek en Candice die jaarlikse AgriSETA "Excellence Awards" seremonie bygewoon waar die sitrusbedryf en sy mense die kollig gesteel het.

Eerstens, Citrus Academy Beursfonds studente het die eerste prys in twee kategorieë gewen. **Richman Mavimbela** (van Champagne Citrus, MBA student) het die kategorie "Best Performance: Bursaries" gewen, terwyl **Bahle Kweba** (werk by SRCC) die kategorie "Best Performance: Graduate Placement" gewen het. (Dit was nie heeltemal onverwags nie, omdat ons geweet het dat hul op die kortlys was en omdat dit moeilik vir iemand anders sou wees om die twee te klop!)

Dan, as die eerste verassing van die aand, **William Ntimane**, 'n voormalige Beursfonds student wat nou by Richmond Estates in Hoedspruit werk, was tweede in die kategorie "Best Performance: Learnership".

Volgende was 'n man wat al 50 jaar by Karino Citrus werksaam is, **Simon Maluleke**, wat die prys in die kategorie "Best Performance: Skills Programme" gewen. Hy is 'n groot karakter en het gepraat oor die volhoubaarheid en volharding van die hele bedryf en wat die verpersoonlikheid is van 'n lewenslange leerproses. Hy is ook gevra om aan die einde van die prysuitdeling namens al die pryswenners te praat en die gehoor het aan sy lippe gehang.

Die laaste wonderlike verrassing was toe **Champagne Citrus** die eerste prys in die kategorie "Best Governed Restitution Project" ontvang het.

Vandag glimlag ons breed en vier al hierdie mense wat die sitrusbedryf se naam hoog hou. Ons gaan binnekort foto's en hopelik 'n video op ons Facebookblad en webtuiste (www.citrusacademy.org.za) plaas, so kyk asseblief uit hiervoor.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 38 **Miljoen 15 Kg Kartonne** | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2012 | 2013 | 2014 | 2013 | 2014 | 2014 | 2014 | 2013 |
| Pomelo's | 13.1 m | 17.9 m | 15.3 m | 17.2 m | 14.5 m | 16.5 m | 15.5 m | 17.9 m |
| Sagte Sitrus | 7.5 m | 8.3 m | 9.8 m | 8.1 m | 9.3 m | 9.2 m | 10.1 m | 8.4 m |
| Suurlemoene | 10.3 m | 10.4 m | 13 m | 10.4 m | 12.8 m | 12.1 m | 13.5 m | 10.6 m |
| Nawels | 24.5 m | 25.4 m | 25.8 m | 25.4 m | 25.8 m | 25.8 m | 25.8 m | 25.4 m |
| Valencias | 38.9 m | 43.2 m | 41.6 m | 34.1 m | 32.4 m | 49.5 m | 48.1 m | 51.4 m |
| Totaal | 94.3 m | 105.2 m | 105.5 m | 95.2 m | 94.8 m | 113.1 m | 113 m | 113.7 m |

**PRODUSENTE VERSEKER 'N KOMPETERENDE EN VOLHOUBARE SITRUSBEDRYF IN SUIDER-AFRIKA DEUR DIE CGA GROEP (CRI; CITRUS ACADEMY; CGACC; RB EN XSIT) TE BEFONDS EN LEIDING TE VERSKAF**